

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die Heilige Gees as Trooster en die gees van afgodsdienste wat die gelukbringer is. Dit wys die verskil tussen die troos wat Christus bring waardeur ons altyd in God die Vader se liefde leef en die gees van geluksaligheid waarin mense in goeters geluk vind. Dit wys hoe ons getroos in Christus in alle tye van die lewe voluit kan leef vir God en hoe hulle wat geluksaligheid ervaar in geen tyd kan inpas waarin hulle leef nie.

Skriflesing Johannes 14: 15 – 18, 25 – 28; 16: 5-7, 12 – 15 Prediker 3: 1 - 9

Teks Johannes 14: 16: “En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir vir julle ’n ander Parakleet gee, sodat Hy ewig by julle kan wees.

Tema Die Here is ons Vertruster nie ons gelukbringer nie.

1. Troos is iets anders as geluk.

Dit ervaar ouers wat hulle kinders troos elke dag. Kinders hardloop rond, speel en kry dan skielik seer as hulle val, teen iets vashardloop, op dorings trap of iets breek. Met hierdie onverwagte pyn hardloop hulle dan na pa of ma toe.

Vir wat? Vir troos!

En dan gebeur die vreemde van troos. Pa of ma vryf die seer, sit bietjie spoeg op en gee hulle ’n drukkies. Na só ’n drukkies wikkels hulle hulself los en hardloop en gaan net weer aan met presies alles wat en waar hulle seergekry het. Alles is nou weer reg!

Die vreemde van troos is dat die pyn nie weg is nie. Die velaf, die skraap, die blaas en partykeer somers die gekraakte been is nog al die tyd seer, maar die seer maak nie meer saak nie. Hulle is nou getroos en kan met die pyn weer aangaan om rond te hardloop en te kere te gaan.

Aan te gaan met wat? Met lag en huil, met vrolik en ongelukkig wees, met saam speel of alleen speel en met kuier of huis toe gaan.

Getrooste kinders is kinders wat voluit besig is met alles in die lewe!

2. Christus het aan ons die Heilige Gees gegee as ons Trooster. Dit is die kernbetekenis van die Griekse woord “Parakleet”. Al die ander moontlike betekenis van hierdie woord soos helper, voorspraak en pleitbesorger is alles wat gebeur wanneer die Heilige Gees jou troos.

Wat die Heilige Gees as Trooster is, wys die Here in sy eie woorde as Hy verklaar: “Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.” (Joh. 14: 18) Hierdie verklaring dat die Here weer na sy dissipels toe kom, verwys in hierdie gedeelte na sy opstanding as mens uit die dood en sy verheerliking as Here!

Die Here verduidelik dit self met die sin: “Nog ’n kort tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek leef en julle sal leef.” (14: 19) Die kort tydjie

is die tyd wat die Here in die graf was van Vrydag namiddag tot en met Sondagoggend met die Paasfees. Hierdie gesprek van die Here is aan die Nagmaaltafel die Donderdagaand voor sy kruisiging. Die kort tydjie is dus letterlik binne 'n paar ure. Na sy dood sien die wêreld nie meer vir die Here nie.

Maar die dissipels sien Hom weer na 'n kort rukkie!

Die “sien” van die Here hier, beteken dat sy dissipels Hom werklik weer as mens van vleis en bloed gesien het op die Sondagoggend toe Hy aan hulle versien het soos dit in Johannes 20 beskryf word. Hulle het Hom regtig gesien en Tomas het sy vingers in die merke van sy hand en sy hand in die merk van sy sy gestee en gevoel.

Die woord “sien” beteken hier ook nog iets anders. Die Here stel dit aan Tomas in hoofstuk 20: “Thomas het vir Hom gesê “My Here en my God! Toe sê Jesus vir Hom: “Glo jy omdat jy My sien? Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het.” (20: 28,29)

3. Ons sien Christus as ons Here en God!

Dit is wat die Here openbaar met die verklaring: “maar julle sien My, omdat Ek leef en julle sal leef.” (Joh. 14: 19) Ons het tot die geloof gekom dat Jesus as mens uit die dood uit opgestaan het en Hy is ons Here en God! God wat self vir ons die sondige mens is wie ons is en in ons plek die veroordeelde sondaar was wie ons moes wees! So is die Here Jesus as in hoofstuk 1 aangekondig: “Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid. (1: 14)

Ons glo die Here is vandag mens in ons plek terwyl Hyself God met ons is – só woon die Here onder ons en laat ons binne sy liefde leef.

Omdat ons Jesus Christus as Here en god só sien, weet ons ons leef altyd binne in die liefde van God: Op daardie dag sal julle weet: Ek is in my Vader en julle in My en ek in julle.” (14:12) Ons weet ons in ingesluit in die liefde wat God die Vader en Seun vir mekaar het!

Só sien ons die Here, deur in hom te glo en só weet ons ons is in sy liefde en leef in sy liefde.

4. En dit is ons Troos!

Hoe troos die Heilige Gees ons?

Christus stel dit weer in sy eie woorde só: “Hy sal julle aan alles wat Ek vir julle gesê het herinner.” (14: 16) Hy sal ons herinner aan wat Jesus gesê het sodat ons dit ter harte neem en wat Jesus vir ons gesê het is die woorde van die Vader vir ons.

Wat is hierdie woorde?

Dit is die Here se aankondiging dat hy God wat mens in ons plek is en wat Hy deur sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en verheerliking vir ons elke dag doen!

Die Heilige Gees troos ons met die woorde oor wie die Here vir ons is en wat die Here vir ons doen – in hierdie woorde hoor ons dat ons nie vir God sondaars is nie maar sy geliefde kinders is wat binne sy liefde leef.

Die Heilige Gees se trooswoorde is altyd die evangelie van Jesus Christus! Met hierdie woorde troos die Heilige Gees ons dat Christus sondaar in ons plek is deur sy geboorte en ons God se heilige kinders is; dat Jesus die veroordeelde sondaar was in ons plek en dat ons god se verheerlikte kinders is, dat Jesus die vervloekte sondaar aan die kruis was sodat ons altyd binne die seën van God leef en dat Jesus die verwerpte sondaar was in sy hel sodat ons altyd ingesluit is in die liefde van die Vader en Seun vir mekaar!

Dit is die trooswoorde waarmee die Heilige Gees ons altyd in alles wat met ons gebeur vertroos! Só leef ons met Christus wat met ons ons Here en God is – binne vertroosting!

5. Hoekom troos die Heilige Gees ons?

Omdat ons nie God se weeskinders is nie! Jesus verklaar dat Hy ons sy Gees gee sodat ons nie as weeskinders agterlaat nie. Binne hierdie gesprek beteken 'n weeskind om God se weeskind te wees.

Dit is wat al die Messiasse voor en na Jesus Christus met mense gedoen het en altyd sal doen. Hulle bring jou onder die indruk dat hulle jou naby God bring en dat jy in en deur vir God baie spesiaal is, dat jy in en deur hulle 'n intiem persoonlike verhouding met God het, en dan gaan hulle dood en kom jy agter jy was nog altyd sonder God gewees.

As Christus ons as weeskinders sou agter los beteken dit dat wanneer die Here gesterf het, God die Vader nooit ons Vader was nie, want Hy was nooit God se Seun nie. Dan sou ons verwese van God gewees het.

Maar Christus het uit die dood uit opgestaan en Hy leef en laat ons met hom in die liefde van God die Vader leef.

Daarom is die vertroosting van die Gees om ons altyd weer te verseker en aan ons die bevestiging te gee dat Christus ons binne die liefde van die God die Vader vashou en laat leef.

Vertroosting is die versekering van God die Vader se sorgsame en teenwoordige liefde in en deur alles wat met ons gebeur.

6. Die Heilige Gees paai ons nooit nie!

Daar is 'n baie groot verskil tussen om 'n kind te vertroos en om 'n kind te paai.

Elkeen van ons weet hoe word kinders gepaai. Dit is wanneer 'n kind na die ouer kom met sy stukkend knie en die ouer dan dadelik oorreegeer en met die kind raas en hom beskuldig dat hy seer gekry het omdat hy nie ore het nie en nie wil hoor nie. Na hierdie oorreaksie kom dieselfde ouer en begin paai.

Paai beteken dat die ouer vir die kind koekies, skyfies, lekkergoed en koeldrank gee om die kind weer gelukkig te laat voel. Om 'n kind te paai is om hom gelukkig te maak deur hom te trakteer. Deel van hierdie paai is dan om vir 'n kind in die huis te hou en van sy maats weg te hou sodat hy nie weer kan seerkry nie. Met koekies en lekkers moet hy/sy gelukkig in die huis saam met die groot mense wees.

Dit is mos totaal iets anders as om 'n kind te troos. Wat soek 'n kind in troos? Hulle soek nie geluk nie, hulle soek die versekering en bevestiging dat hulle nie weeskinders is as hulle seerkry of iets met hulle gebeur wat hulle nie verstaan nie. Troos soek beteken om na hulle te gaan wat jou kan versorg en weet wat om vir jou te doen, omdat jy self verskrik, verdwaas en sonder begrip is vir die seer wat jy opgedoen het.

Troos is nie koekies, lekkers en koeldrank waarmee jy in die huis toegesluit word om gelukkig te wees en nie weer seer te kry nie. Troos is om vasgehou te word met die versekering dat jy versorg is in die liefde van jou ouers. En wanneer jy hierdie troos kry, dan spring jy op met die seer wat jy nog het en gaan speel weer voluit waar jy weer gaan seerkry.

Troos is die versekering van liefde wat jou pyn laat aanvaar en weer vreesloos voluit laat leef. Geluk is iets anders as vreugde. Geluk is om sonder pyn te wil wees en sonder pyn te wil leef.

Die Gees wat die Here ons gee is ons Trooster in die lewe, nooit ons gelukbringer wat ons van die lewe vervreem om pynloos te leef nie.

7. Om met die troos van die Here te leef is om die volle lewe te kan leef soos dit vir ons in Prediker beskryf word – 'n lewe van die pyn van verlies én van die vreugde van die vervulling van die lewe.

Dit is om geboorte en dood te kan aanvaar.

Dit is om te plant en te oes.

Dit is om 'n lewe te kan neem en om 'n lewe te kan red.

Dit is 'n lewe om te lag en om te rou.

Dit is 'n lewe waar jy kan opbou en afbreek.

Dit is 'n lewe in samesyn en eensaamheid.

Dit is 'n lewe waarin jy soekend is en laat wegraak.

Dit is 'n lewe waar jy haat en liefhet.

Dit is 'n lewe waar jy kan oorlog maak en vrede sluit.

Die Here Jesus troos ons om só voluit te kan leef, in pyn en vreugde!

Want in pyn en vreugde is ons getroos. Ons geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus beskryf hierdie troos as die samevatting van alles wat ons glo soos volg:

My enigste troos in lewe en sterwe is dat ek met liggaam en siel, in lewe en sterwe, nie aan myself behoort nie, maar aas my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sonde ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar op my kop sal val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy ma van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te leef.

Getroos beteken ten volle deel en verseker van God die Vader se liefde, leef ek my hele lewe vir en met God! Voluit! Met die pyn van verlies en in die vreugde van inspanning.

8. Getroos in die liefde van God ons Vader – kan ons oorlog voer as dit 'n tyd van oorlog is, en het ons dit al baie keer in hierdie land gedoen; kan ons die kwade haat soos ons Engelse koloniale oorheersing, Kommunisme en Barbarisme gehaat het; kan ons lewens neem en afbreek wat gebou was; kan ons eensaam wees, rou en die dood aanvaar.

Getroos in die liefde van God ons Vader kan ons ook vrede sluit soos ons dit al 370 jaar lank met elke stam en wêreldmag in hierdie land gedoen het; kan ons alle mense, ook ons vyande liefhê, kan ons kuier, lag, lewe verwek, geboorte skenk, opbou en plant, en kan ons vervuld dele van ons lewe opgee omdat dit nie meer nodig is nie.

In elke deel van die lewe wat God vir ons beskik is ons voluit besig om vir God te leef – getroos, verseker van ons ewige lewe in sy liefde.

9. Mense wat geluk soek en geluk najaag, kan nie troos vind en in troos voluit elke tyd en die hele lewe vir God voluit leef nie. Hulle wil nie die Heilige Gees as Trooster ken wat hulle van God die Vader se liefde verseker nie.

Hulle soek die gees wat die gelukbringer is, wat paai en gelukkig maak. Hulle soek die gees van 'n pynlose lewe sonder inspanning. Dit is die gees van koekies, lekkers en koeldrank, binne in die huis saam met God toegesluit, weg van die lewe van vreugde en rou. Dit is die gees van goddelike kragte, magte en lewe waar jy nie meer deel van die pyn of inspanning van menswees tussen gewone mense is nie. Dit is die gees waar jy nie meer die gewone menslike lewe voluit vir God leef nie, maar opgee vir 'n goddelike lewe saam met God en geestelike koekies, lekkers en koeldrank.

Vandag noem ons, bietjie verkeerdelik, hierdie geestelikheid – welvaartsgodsdiens.

Die drif egter in hierdie welvaartsgodsdiens is nie welvaart self nie, maar gelukkigheid. Hulle wil in 'n gees van geluksaligheid leef en nie getroos in hierdie wêreld leef nie.

In hierdie gees van geluksaligheid kan hulle nie voluit met pyn in swaar tye leef nie. Hulle kan nie tye van dood en rou aanvaar nie en skep die waan van gelukkige begrafnisse waar hulle die lewe vier met mense wat dood en nie by hulle is nie. Hulle kan nie tye van oorlog aanvaar nie en leef pasifisties in hul eie gelukkigheid terwyl

hulle alle mense wat oorlog moes voer vir hul vrede, verguis en minag as mense wat hulle geluk gesteel het. Hulle kan nie die kwade haat nie, maar leef in die geluksalige waan dat alle mense goeie mense is. (Maleagi 2:17) Hulle kan nie soekend en eensaam leef binne die gebrokenheid van die wêreld nie, maar wil altyd heel en vervuld wees met geluksaligheid. Alles moet net altyd geestelike koekies, lekkers en koeldrank wees.

10. Die diepste misgissing van hierdie gees van gelukkigheid en die gelukbringer-gees, is hulle waan van geluk. Want met hierdie gees soekend na geluk vermy hulle ook die inspanning wat vreugde bring. Hulle soek nie vreugde in inspanning nie maar geluk in “dinge”, “goeters” wat geluk bring, en, so glo hulle, die Heilige Gees vir hulle gee. Hierdie “goeters” wat geluk gee, noem hulle vandag “blessings.”

So vernietig hulle die tye waarin hulle is se bedoeling en betekenis. Hulle leef nie meer in 'n tyd vir kinders toegewyde ouers te wees wat voluit leef vir hul kinders nie, nie, maar om kinders te kry en hê om hulle gelukkig te maak. Hulle leef nie in werkstyl voluit besig om te plant en te oes soos en wanneer dit moet nie, maar soek werk wat hulle gelukkig sal maak.

Hulle kan nie meer welwillend saam met alle mense leef nie, maar soek net mense wat hulle gelukkig kan maak en glo dit is hul geestelike broers en susters. Hulle kan nie meer met gewone mense vrede sluit en lief hê nie, maar soek 'n vrede en liefde wat hulle geluksalig laat voel.

Hulle “blessings”, goeters wat hulle gelukkig maak, is nooit die troos van die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees troos ons met die woorde van Jesus se lyding en opstanding sodat ons in alles in die troos van God se liefde kan leef. Hy paai ons nooit met goeters om ons gelukkig te maak nie.

Dit stel ons voor die werklike keuse: wil jy getroos alle tye voluit in God se liefde vir God leef, of wil jy gelukkig wees? Geluksalig sonder pyn en inspanning!

Christus laat ons ons hele lewe met alle tye getroos voluit vir God leef. Die gees wat ons geluksalige ervarings en belewenisse gee, vervreem ons van die hele lewe saam met God, in vreugde en smart.

Kom ons verwerp die paai-gees waarmee geestelikes ons geluksaligheid beloof in godservarings wat ons van God en die lewe vervreem. Kom ons vind die Trooster om voluit vir God in alle tye te leef. Kom ons vertrou die vertroosting van die Heilige Gees.